**22 November**
**Skrifgedeelte: Psalm 131**
**Fokusgedeelte: Psalm 131:2**

## Die toekoms met vertroue in God se hand

Daar is soveel dinge wat jy self moet hanteer. Soms raak jy verward omdat alles gelyktydig op jou aanrol soos 'n onkeerbare vloedgolf. Dinge raak buite beheer. Vrees en vertwyfeling put jou uit. Jy besef jou eie beperkings en dat daar dinge is wat ver bo jou eie vermoë is. Onthou, jy kan die dinge nie beheer nie, dinge waaroor jy jou nie meer moeg moet dink of nog langer moet tob nie. Om te dink jy kan dit self oplos, is selfverheffing en hoogmoed.

Hoe word jy vrygemaak van sondige selfverheffing en hoogmoed? In jou kleinheid voor die Here mag jy erken en bely: “Here, ek kan nie meer nie. Dinge is bo my vermoë. Help U my.” Hiertoe lei die Heilige Gees jou deur jou te bring aan die einde van jou eie krag. Jy moet op 'n ander manier dink. Kom los van jouself. Gee jou onvoorwaardelik oor om so vrede in jou gemoed te kry deur maar net naby die Here te wees. Christus het jou weer naby God gebring. Besef opnuut jou diepe afhanklikheid van God. Gee oor aan Hom, want Hy is groter as al jou grootste krisisse, probleme en bekommernisse. Deur jou gedagtes toe te spits op sy grootheid (Ps 57), liefde en trou, vind jy weer ware rus en kalmte, soos 'n kindjie wat tevrede is by sy ma. Met sulke kinderlike geloofsvertroue in die Here is jou toekoms veilig in sy hande.

*Sing: Psalm 131:1,2,3 Ds WP van der Merwe (Emeritus)*